

# Nuwe Alles-In-Een Voorskoolse loerboekie met aktiwiteite

## PLAASDIERE



BEST BOOKS

# 3D-konstruksie van plaasdiere met toiletrolle




Nuwe Alles-In-Een Voorskoolse aktiwiteitsboek I 9781776070398

© NB-Uitgewers/Mart Meij 2020

# 3D-konstruksie van plaasdiere met toiletrolle

**Groep 1: Peuters**

By hierdie projek sal u stap vir stap sterk leiding moet gee. Werk eers net met twee diere en as hulle voltooi is, deel u die ander twee diere uit, anders gaan die peuter deurmekaar raak. Gee vir die peuter twee diere se kopkante (wat u vooraf uitgeknip het). Laat die peuter die koppe/gesigte van die twee diere identifiseer. Geen nou die twee diere se agterkante. Watter agterkant pas by watter dier? Laat die peuter byvoorbeeld kyk na kleur en die vorm van die stert. Help die peuter om die voor- en agterkant van die twee diere op twee toiletrolle vas te plak met koue lym. Doen dieselfde met die volgende twee diere. Deel die pote of staanders wat u self vooraf van roomys-stokkies gemaak het, uit. Smeer dit koue lym en die peuter plak die diere se lywe op die pote vas. Nou het die peuter sy/haar eie stel plaasdiere om mee te speel.



**Groep 2: Kleuters**

U sal hier ook stap vir stap baie sterk leiding vir die kleuter moet gee, maar vir die kleuters kan u al vier kopkante gelyk gee en hom/haar die diere laat benoem. Die kleuter pas hierna die kop- en agterkante van die diere bymekaar. Laat die kleuter kyk na kleur en vorm van die stert om hom/haar te help. Help die kleuter om die voor- en agterkant van die vier diere op vier toiletrolle vas te plak met koue lym. Deel die pote of staanders wat u self vooraf van roomysstokkies gemaak het, uit. Wys die kleuter waar om die koue lym te smeer en die kleuter plak self die plaasdiere se lywe op die pote vas. Nou het die kleuter sy/haar eie stel plaasdiere om mee te speel.

**Groep 3: Op pad na Graad R**

U sal selfs vir hierdie kind sterk leiding moet gee. Volg die prosedure vir die aktiwiteit soos beskryf by Kleuters. Plaas ook watte uit om op die skaap se lyf te plak, wolrepies om as die perd se maanhare te dien, ’n stukkie pypskoonmaker wat hulle kan gebruik as ’n stert vir die vark, en ’n uier wat u vooraf uit pienk papier uitgesny het wat die kind onderaan die koei kan plak. Nou het die kind sy/haar eie stel plaasdiere om mee te speel.

Besoek gerus https://www.youtube.com/watch?v=uBEFK6Zz_-0 om ’n demonstrasie van die aktiwiteit te sien.

Nuwe Alles-In-Een Voorskoolse aktiwiteitsboek I 9781776070398


© NB-Uitgewers/Mart Meij 2020

# Week 22

## Tema 22: Plaasdiere

| Peuter<br>Groep 1 | Kleuter<br>Groep 2 | Op pad na Graad R<br>Groep 3 |
|---|---|---|

**Plaasdiere**



**Maandag: Groot plaasdiere**
- (Groepe 1, 2 en 3) Beeste.
- (Groepe 2 en 3) Soos bo, maar voeg skape en varke by.
- (Groep 3) Soos bo, maar voeg ook bokke en perde by.

**Dinsdag: Plaasdiere met vere**
- (Groepe 1, 2 en 3) Hoenders
- (Groepe 2 en 3) Soos bo, maar voeg eende by.
- (Groep 3) Soos bo, maar voeg ook ganse en kalkoene by.

**Woensdag: Wat kry ons van plaasdiere?**
- (Groepe 1, 2 en 3) Melk.
- (Groepe 2 en 3) Soos bo, maar voeg eiers en wol by.
- (Groep 3) Soos bo, maar voeg verder by: Vleis en vere, en ganse is goeie waghonde.

**Donderdag: Waar bly plaasdiere?**
- (Groepe 1, 2 en 3) Koeie → stal en hoenders → hoenderhok.
- (Groepe 2 en 3) Soos bo, maar voeg by: Skape → skaapkraal, varke → varkhok en eende → eendedam.
- (Groep 3) Soos bo, maar voeg verder by: Bokke → veld, perde → perdestal, eende en ganse → dam en kalkoene → hok.

**Vrydag: Babas van plaasdiere**
- (Groepe 1, 2 en 3) Koei → kalf en hoender → kuiken.
- (Groepe 2 en 3) Soos bo, maar voeg by: Skaap → skaaplam, vark → varkie en eend → eendjie.
- (Groep 3) Soos bo, maar voeg verder by: Bok → boklam, perd → vulletjie en gans → gansie.

**Bak en brou**

Maak 'n Mariebeskuitjie-varkie.

## Belangstellingstafel vir die week

**Maandag en Dinsdag:** Sit net groot prente op van die diere wat u met die groep gaan bespreek.
**Woensdag:** Sit nou by elke dier se prent voorbeelde van die produkte wat die dier lewer, soos beskryf in die spinnekopdiagram. U kan, byvoorbeeld, werklike voorbeelde van melk, vleis, 'n paar gekookte eiers, vere en 'n verekussing, bol wol en 'n wolmus, ensovoorts, uitsit. Daarby kan u prente sit van 'n koei wat gemelk word en 'n skaap wat geskeer word.
**Donderdag:** Hou die uitstalling soos dit was, maar sit 'n prent van die diere se blyplekke ook by die uitstalling.
**Vrydag:** Prente van plaasdiere met hulle kleintjies.

Sit ook storieboeke uit waarin plaasdiere figureer.

## Belangrike agtergrondinligting oor die aanbieding van musiek in die kleuterskool of dagsorgsentrum of huis

**Musiek is meer as net die sing van liedjies, en die aanbieding behoort verskeie komponente te bevat, nl.:**
- sang.
- luisteraktiwiteite (of ouditiewe diskriminasie).
- ritme en beweging.
- slagwerk.

As u deur die onderrigplanne vir die eerste kwartaal blaai, sal u sien dat al hierdie fasette reeds voorgekom het en hoe dikwels dit reeds speel-speel geoefen is. As u geen kennis van musiek het nie, hoef u dus niks te vrees nie! Vir hierdie kleintjies hoef u nie 'n musiekinstrument soos 'n klavier of kitaar te kan bespeel nie.




**Hier volg 'n paar opmerkings om u 'n bietjie agtergrondkennis te gee:**
- Aanleer van liedjies moet liefs sonder begeleiding geskied.
- Maak vooraf seker dat u die woorde en wysies van die liedjies wat u wil bekendstel, goed ken.
- U gee altyd die aanvangsnoot wanneer 'n liedjie gesing word, sodat almal op dieselfde noot kan begin sing. (Indien die kinders egter spontaan begin sing, moet u by húlle inval.)
- Wanneer die liedjies gesing word, word toepaslike bypassende bewegings sterk aanbeveel.



Nuwe Alles-In-Een Handleiding vir voorskoolse aktiwiteite 9781776070404

© NB-Uitgewers/Mart Meij 2020

# Dag 1

| Aankoms en vryspel<br>Register, weerkaart, verjaardae en nuus | | |
|---|---|---|
| **Begeleide klasaktiwiteit: Aanvangskennis – Groot plaasdiere** | | |
| **Peuter** | **Kleuter** | **Op pad na Graad R** |
| Dupliseer vooraf 'n eenvoudige prent van 'n koei vyf keer. Voorbeeld wat u kan gebruik:<br> | Dupliseer vooraf 'n prent van 'n koei, skaap en vark elkeen vyf keer. Voorbeelde wat u kan gebruik:<br> | Dupliseer vooraf 'n prent van 'n koei, skaap, vark, bok en perd elkeen vyf keer. Voorbeelde wat u kan gebruik:<br> |
| Wys een prent van 'n koei vir die peuters en sê "koei". (Beeste gaan te verwarrend wees as ons later by melk kom.) Die peuters herhaal die woord. Hoe maak 'n koei? (*Moe!*) Almal *moe*! en loop soos koeie op die mat. Vertel vir die peuters dat daar nog koeie op die plaas is. Sit nog 'n prent by. Tel saam met die peuters: "1 koei, 2 koeie". Sit nou al die prente bymekaar. Sê "baie koeie". (Die peuters tel nie die baie koeie nie.) Herhaal die geluid wat 'n koei maak. Laat twee peuters voor die ander staan. Tel "een peuter, dan twee peuters". Wys na die res van die groep en sê: "Baie peuters". | Soos in kolom 1. Wys dan 'n prent van 'n skaap. Laat die kleuters die dier benoem. Hoe maak hierdie plaasdier? (*Mêêê*) Almal maak soos skape. Sit al die skaapprente op die bord. Tel dit saam met die kleuters: "1, 2, 3, 4, 5 skape".<br>Doen nou dieselfde met die vark. Wat is hierdie plaasdier se naam? (Vark.) Hoe maak hy? (Snork.) Almal snork. Tel die varke.<br>Doen nou 'n bietjie eenvoudige getalbegrip met die kleuters en vra vir 'n kleuter om 1, 2 en 3 skape, varke en koeie op die bord te kom vassit. Werk nog net tot getal 3. Sit ook een skaap op die bord en die ander skaapprente in 'n bondeltjie op die bord. Laat die kleuters wys waar is een en/of baie skape of min en/of baie skape. | Doen die aktiwiteite soos beskryf in kolomme 1 en 2. Voordat u met die oefeninge met getalbegrip begin, stel u eers die diere wat vir hierdie groep voorgeskryf is, bekend. Maak, byvoorbeeld, die runnik- of proesgeluid van 'n perd of die klop-klop van sy pote as hy draf en laat die kinders raai watter plaasdier so maak. Wys die prent van die perd. Almal "runnik" en "proes" soos perde. Draf deur die klas soos perde en kom terug mat toe.<br>Bespreek die rol van die perd op die plaas. 'n Mens kan op hom ry en hom ook as trekdier gebruik. Wys daarna 'n prent van 'n bok en laat die kinders die bok se geluid maak (*bêêê*). Doen nou die getalbewerking en laat die kinders self tot 5 diere uittel. Doen ook die begrippe "baie" en "min en "netsoveel". *Voorbeeld*: Sit vir my baie perde op die bord vas. Tel die perde: 1, 2, 3, 4, 5. Sit netsoveel skape op die bord, ensovoorts. |
| **Kringaktiwiteite** | | |
| **Hoofaktiwiteit: Collage** | | |
| Elke peuter ontvang 'n papierbord. Dit gaan die skaap se lyf wees. Sit ook 'n bak met springmielies wat reeds gespring is uit, asook aangemaakte wit versiersuiker en 'n hout- of plastiekmes om mee te smeer. Knip vooraf 'n swart skaapgesig en -pote vir die kinders uit karton. Hulle smeer die versiersuiker op die karton en druk dan die springmielies daarin vas. Die kop word met versiersuiker in die middel van die sirkel vasgeplak en die vier swart pote word onderaan vasgeplak. | Soos in kolom 1, maar die groep knip hulle skape se koppe self uit. Voorsien dus rondepuntskêre.<br> | Soos in kolomme 1 en 2, maar vir hierdie groep gee u 'n patroon van die skaap se kop om self met wit vetkryt op swart papier af te trek en daarna uit te knip. |
| **Addisionele aktiwiteit 1: Drukwerk met stempels** | | |
| Gee vir die peuters een kleur verf en kwasse asook 'n A4-papier en stempels. Die peuters verf die stempels en druk dit af op die papier. | Soos in kolom 1, maar hierdie groep druk die stempels om die rand van die papier af om 'n raam te vorm. Binne verf hulle hul eie plaasdier. | Soos in kolom 2. |
| **Addisionele aktiwiteit 2 (geskik vir alle groepe)** | | |
| Voorsien gom in tuitbotteltjie, wit A4-papier en 'n mengsel van mieliemeel en droë poeierverf in speserybotteltjies aan elke kind. Die kinders maak krabbels of teken iets met die gom en strooi die mengsel in die speserybotteltjies bo-oor soos mens sout op jou kos sou gooi. Voorsien ook 'n leë, plat houer soos 'n pan of papierbord waarin hulle die ekstra mieliemeelmengsel kan afskud sodat net dit wat aan die gom op die papier klou, kan oorbly. | | |

New All-In-One Manual for Pre-school Activities 9781776070428

© NB-Uitgewers/Mart Meij 2020

| Begeleide klasaktiwiteit | | |
|---|---|---|
| Laat die peuters op hulle magies op die gras lê. Elkeen het 'n bal voor hulle. Hulle rol dit vorentoe met die een hand, seil op die magie tot by die bal en herhaal die proses. Nou sit hulle regop met die bal voor hulle voete. Hulle skop die bal sittend vorentoe, kruip op die boudjies na die bal toe en herhaal die proses. Laat die peuters vinnig na 'n teiken en terug loop. Laat hulle een voet reg voor die ander een sit terwyl hulle loop. Hulle spring soos paddas terug. | Doen eers die aktiwiteite soos beskryf in kolom 1. Laat die groep daarna met kruisbene in 'n sirkel sit. Vervang die balle deur 'n paar boontjiesakkies. Hulle gee 'n boontjiesakkie van kleuter tot kleuter in die rondte aan. Kry hulle dit maklik reg? Laat hulle die boontjiesakkies liggies vir mekaar in die sirkel aangooi. | Soos in kolomme 1 en 2. Sluit af deur die groep ook soos perde in die rondte te laat hardloop. |
| Verversings en vryspel | | |

| Begeleide klasaktiwiteit | | |
|---|---|---|
| Lees enige baie eenvoudige prenteboek oor plaasdiere saam met die peuters. Benoem die diere vir hulle en maak die geluide wat die diere maak. Moedig die peuters aan om ook die geluide te maak. | Wys prente van die plaasdiere wat u aan die groep bekendgestel het en die kleuters moet die prente benoem. Laat die kleuters loop soos koeie, skape en varke, en die geluide van die diere namaak. Ruil om sodat u die geluid maak en die kleuters die dier se naam sê. U kan ook manlik en vroulik van die diere doen. *Voorbeeld*: 'n Mamma-bees is 'n koei en 'n pappa-bees is 'n bul. 'n Pappa-skaap is 'n ram en 'n mamma-skaap is 'n ooi. 'n Pappa-vark is 'n beer en 'n mamma-vark is 'n sog. | Soos in kolom 2, maar voeg by: 'n Pappa-bok is 'n bokram en 'n mamma-bok is 'n ooi. 'n Pappa-perd is 'n hings en 'n mamma-perd noem ons 'n merrie. Laat die kinders die diere se geluide maak en u benoem vir hulle die geluide: "blêr", "runnik", "proes", "snork", ensovoorts. Kan hulle nou self die geluide benoem as u dit maak? |

**Storie (mat)**

*'n Voorstel vir 'n moontlike storie*:

**Kalfie raak weg**

Klein Kalfie raak weg en soek na sy mamma. (*Laat hy van plaasdier na plaasdier gaan – sit prente op so ver as wat u vertel – en vir elke dier vra of die dier sy mamma is.*) Die diere lag en sê: "Nee, ek is nie jou mamma nie. Ek is 'n _____. My kind is 'n ____." Uiteindelik sê die laaste dier: "Ek ken jou! Jy is die nuwe kalfie. Jou mamma is die koei. Ek het haar by die stal gesien. Kom ek vat jou soontoe." Sluit af met die blye weersiens.

# Dag 2

Aankoms en vryspel


Register, weerkaart, verjaardae en nuus

**Begeleide klasaktiwiteit: Aanvangskennis – Plaasdiere met vere**

| Peuter | Kleuter | Op pad na Graad R |
|---|---|---|
| Neem 'n veer op die uitstalbord, wys dit vir die peuters en terwyl u op die prent van die koei druk, vra u: "Het koeie vere op hulle lyf? Het skape vere?" Doen dit met ál die groot plaasdiere al het die peuters nie die vorige dag van daardie diere geleer nie. Neem nou 'n prent van 'n hoender en vra dieselfde. Knik u kop sodat die peuters kan aflei wat u bedoel. Almal sê "hoender" en "vere". Wys 'n haan asook 'n hen en leer die woordeskat vir die peuters aan: "hen" en "haan". Hoe maak 'n haan? Die haan *koekelekoeee* (kraai) en henne *kok-kok-kok* (kekkel). Die peuters maak die geluide. Stuur hoendervere om dat die peuters daaraan kan vat en voel. Sit die koei, haan en hen op die bord en laat die peuters die prente benoem en die geluide van die diere namaak. | Doen die aktiwiteite in kolom 1. Voeg dan eende by. Vir interessantheid kan u hier byvoeg dat 'n mens die pappa-eend kan uitken van die mamma-eend aan sy krulstertjie. Dit is anders as die haan en die hen wat totaal verskillend lyk. Watter geluid maak eende? (*Kwak-kwak*) Stuur hier ook eendevere om sodat die kleuters dit kan hanteer. Vertel dat eende se vere olie in het. Eende word nooit sopnat as hulle swem nie, want die water rol van hulle rûe af.<br><br>**Verryking:** Plaas so vyf tipiese hoendervere op die mat asook vyf mooi wit eendevere. Laat die kleuters die vere sorteer. | Soos in kolomme 1 en 2, en praat daarna oor ganse en kalkoene. Wys die prente en herhaal die name. Hoe maak die ganse? (Hulle blaas so *gggggg*.) Hoe maak kalkoene? (*Koeloe-koeloe*) Stuur kalkoen- en gansvere om sodat die kinders daaraan kan voel en vat. |

**Kringaktiwiteite**

**Hoofaktiwiteit: Konstruksie**

| | | |
|---|---|---|
| Elke peuters kry 'n wit papierbord, gom, 'n driehoekie uit oranje papier gesny vir die hen se bek, twee sosatiestokkies vir pote, kort repe wit papier vir sterte en viltpenne. Help hulle om die bord dubbel te vou. Hou die gevoude kant na bo. Aan die een gevoude kant plak die peuters die bek vas en aan die ander kant die stert. Hulle teken 'n oog aan elke kant en plak die pote onderaan vas. | Soos in kolom 1, maar hierdie groep plak ook 'n rooi kam vir die hen bokant die oog op die gevoude rand vas.  | Soos in kolom 2, maar hierdie groep kan dalk die haan maak. Voorsien 'n ekstra driehoek vir die haan se nek, en die stertvere kan lang, gekleurde papierrepe wees. Voorsien aan hierdie groep ook strooi waarmee hulle 'n hoendernes kan bou.  |

New All-In-One Manual for Pre-school Activities 9781776070428

© NB-Uitgewers/Mart Meij 2020

## Addisionele aktiwiteit 1: Verf

**Vooraf:** Knip oranje eendebekkies vir al die kinders uit. Maak ook geel wattebolletjies deur watte in geel aangemaakte verf te druk. Druk die orige verf uit en sit dit vir ’n halfuur in u oond op 100° C om droog te word.

| | | |
|---|---|---|
| Voorsien blou verf en kwasse, gom, A4-papier en viltpenne. Die peuters verf die onderste deel van die papier blou om ’n plaasdam voor te stel en plak dan bolletjies geel watte in ’n ry op die oppervlak van die water om baba-eendjies voor te stel. Plak die bekkies voor aan die bolletjies en maak ’n kolletjie vir ’n ogie met ’n viltpen. | Soos in kolom 1, maar hierdie groep teken die ma-eend met viltpenne voor aan die ry eendjies. Hulle plak dan vir haar ook ’n oranje bekkie in of teken dit self. | Soos in kolom 2. |

## Addisionele aktiwiteit 2: Klei (geskik vir al drie groepe)

Elke kind ontvang sout-en-meelklei en ’n klomp vere en stokkies. Hulle rol die klei in bolle en druk dan die vere en stokkies in om hoenders en eende te maak.

## Begeleide klasaktiwiteit

| | | |
|---|---|---|
| Die peuters is “hoenders”. Hulle sit die handjies in die oksels om vlerke voor te stel. Maak ’n groot vierkant met ’n tou om die hoenderhok voor te stel. Gee nou opdragte wat die hoenders moet uitvoer. *Voorbeelde*: “Loop stadig tot by die hok. Gaan sit in die hok. Loop om die hok. Vlieg vinnig tot agter die hok. Pik saadjies, ensovoorts”. Elke peuter ontvang daarna ’n boontjiesakkie. Dit is die hoender se “eier”. Hulle gaan staan in ’n kring en gee dit in die kring vir mekaar aan. Verander van rigting en stuur dit weer aan. Elke peuter stoot ’n boontjiesakkie met sy/haar voete aan. Die peuters loop met die boontjiesakkie op die skouer na die hok en terug. | Soos in kolom 1, maar nadat die “hoenders” die bewegingsopdragte uitgevoer het, is dié klomp ook eende. Hulle hou die hande in die oksels en moet op hulle hurke vorentoe en agtertoe beweeg.<br><br>**Wenk:** Hou in gedagte dat dit baie meer uitputtend is om so te beweeg sodat u die kleuters nie heeltemal gedaan maak met te veel opdragte nie!<br><br>Wanneer die kleuters met die boontjiesakkies werk, laat u hulle die sakkie ook met die voet na die maat in die sirkel aanstoot. As nog ’n variasie kan hulle die sakkie met die hand aanvee. Daarna staan hulle hande-viervoet in die sirkel en stoot die boontjiesakkie onder hulle mae deur na ’n maat wat agter hulle staan. Verander van rigting en herhaal. | Soos in kolomme 1 en 2, maar voeg dan by: Die kinders werk in pare wat ongeveer 1 tot 1,5 meter van mekaar staan, afhangend van hoe vaardig die kinders is. Elke paar werk met een boontjiesakkie. Hulle gooi die boontjiesakke vir mekaar, vang dit, en gooi dit dan terug. Sluit af deur hulle met die boontjiesakkies tot by ’n teiken te laat hardloop, dit neer te sit, en ’n maat hardloop en gaan haal dit en bring dit weer terug. |

Verversings en vryspel

## Begeleide klasaktiwiteit

| | | |
|---|---|---|
| Strooi ’n handvol mieliepitte op die mat. Elke peuter kry ’n klein bakkie en ’n wasgoedpennetjie. Hulle is “hoenders” en die wasgoedpennetjie is hulle bekkies. Wie kan die meeste mieliepitte met die wasgoedpennetjie oppik?<br><br>**Wenk:** Die heel kleintjies kan die mieliepitte bloot met die duim en wysvinger optel – dis alreeds vir hulle ’n goeie **vingerspieroefening**.<br><br>Na die tyd kan u met ’n handjievol mieliepitte werk en hulle, byvoorbeeld, (tot 3) mieliepitte laat uittel. Hersien ook die begrippe “min” en “baie” m.b.v. die mieliepitte. | Soos in kolom 1, maar hierdie kleuters behoort almal met die wasgoedpennetjie te kan werk. Daarna is almal eende en “waggel” soos eende. Hulle leer die woord waggel. Herhaal dit soveel as moontlik deur die dag in u gesprekke met die klas. Hulle kan ook wei soos beeste en skape, en vreet soos varke. | Soos in kolomme 1 en 2, maar voeg die volgende by: “Loop soos beeste, waggel soos eende en galop soos perde”. U kan ook die volgende taalverryking doen:<br>• As iemand baie sterk is, sê ons hy is so sterk soos ’n bees.<br>• Kan eende water op hulle ruggies hou? Nee, dit rol mos af, nê? As iemand lelik van jou praat, moet jy jou nie daaraan steur nie. Die lelike ding wat die kind gesê het, moet van jou afrol soos water van ’n eend se rug af. |

## Storie

*’n Voorstel vir ’n moontlike storie*:

Klein Kuikentjie loop agter sy mamma aan op die plaas. Hy kyk na al die snaakse diere en sien vir Mamma Eend met ’n ry geel bolletjies agter haar aankom. Een bolletjie raak so bietjie agter en Kuikentjie hardloop soontoe om met hom te praat. “Wat is jou naam?” vra hy.



Die klein geel eendjie antwoord: “My naam is Agterossie want ek loop altyd agter die ander.”

“Waarheen gaan julle?” vra Kuikentjie.

“O, ons gaan swem.”

“Nee jong, julle sal verdrink, my mamma waarsku ons elke dag om nie naby die dam te kom nie, want sy sê ons sal verdrink!”

“Ag nee, klein kuikentjie,” sê Agterossie, “ek is ’n klein eendjie en ons kan swem vandat ons uit die eier geklim het! Kyk na my voete. Ons het swemvoete, dis hoekom ons so gou en so lekker kan swem!”

Klein Kuikentjie staan op die dam se wal en kyk hoe die eendjies agter hulle mamma aan swem. Hy skud maar net sy kop. Hy is bly hy is nie ’n eendjie nie, want hy wil nie so nat word nie!



© NB-Uitgewers/Mart Meij 2020

# Dag 3

Aankoms en vryspel
Register, weerkaart, verjaardae en nuus

## Begeleide klasaktiwiteit: Aanvangskennis – Wat kry ons van plaasdiere?

| Peuter | Kleuter | Op pad na Graad R |
|---|---|---|
| Wys weer die prent van ’n koei. Haal ook die melk van die belangstellingstafel af en laat elke peuter aan die melk proe wat u vir hulle in klein houertjies gooi. Oefen die woordeskat “melk” en “koei”. Verduidelik dat koeie vir ons melk gee en dat hulle die melk in ’n sakkie onder hulle lywe dra. (Wys na die uier op die prent van die koei.) Neem ’n skoon rubberhandskoen waarvan die vingers se punte ’n klein prikgaatjie in het. Gooi die handskoen gedeeltelik vol melk. Verduidelik m.b.v. die handskoen hoe die koei gemelk word. Die peuter hou ’n bekertjie onder die “spene” en u gee die peuters beurte om aan die spene (die vingers van die handskoen) te trek sodat daar melk uitkom. Hulle kan dan die melk drink (behalwe as hulle allergies is vir melk!). Met hierdie laktose-intollerante peuters kan u die proses herhaal, maar water in die handskoen gooi. | Soos in kolom 1. Wys daarna die prente van hoenders en eiers. Henne, die mamma-hoenders, lê elke dag ’n eier en ons kan dit eet. Dis baie gesond. Wat maak Mamma alles met eiers? Die kleuters noem op: kook, bak, koekbak, roereier, omelet. Dop een van die gekookte eiers af en laat die kleuters elkeen ’n stukkie kry om te proe – wees weer eens net versigtig vir allergiese kinders. Wys prente van verskillende geregte met eiers. Wys ook hoendervleis sonder om in besonderhede in te gaan op die slag van hoenders. Ons kry ook vleis van hoenders – wie hou van hoendervleis? By skape (wys die skape) kry ons wol vir die truie wat ons dra en lekker skaapvleis. Wys prente. Pak die prente van diere aan die een kant van die mat en die kleuters moet die produkte van die diere by die regte prent gaan neersit. | Soos in kolommr 1 en 2. Voordat u die prente van al die plaasdiere en hulle produkte uitpak, wys u eers prente van ganse en kalkoene. Noem dat ganse net sulke goeie “waghonde” soos honde is. Hulle blaf nie maar hulle kan baie raas as hulle iets snaaks op die plaas raaksien of iemand sien wat hulle nie ken nie. Hulle sagte veertjies onder hulle pense maak ook lekker kussings. Kalkoene gee vir ons lekker vleis. Pak nou al die prente van diere aan die een kant van die mat uit en die kinders moet die produkte van die diere by die regte prent gaan neersit. |

## Kringaktiwiteite

### Hoofaktiwiteit: Teken met melk (’n opwindende aktiwiteit – geskik vir al drie groepe)

Gee vir al die kinders ’n oorstokkie, ’n bakkie met melk en ’n wit A4-papier. Hulle teken ’n plaasdier met die melk en u sit die prent so gou hulle klaar is op ’n warm plaat of strykyster sodat die melk vasbrand en die prent bruin word.

### Addisionele aktiwiteit 1: Verf (geskik vir al drie groepe)

Voorsien aan die kinders ’n paar speserybotteltjies met verskillende kleure droë poeierverf daarin. Plaas ook ’n houer water, kwasse en A4-papier daarby uit. Hulle verf die papier met water, strooi dan poeierverf oor op verskeie plekke en meng dan die kleure met die kwassie deur daarop te verf. Bêre die papier vir voltooiing môre.

### Addisionele aktiwiteit 2: Masker (geskik vir al drie groepe)

Elke kind kry ’n kartonsirkel en twee swart ore, reeds uitgesny. Die kind se gesiggie moet in die sirkel kan pas. Hulle plak die ore en dan plak hulle wattebolletjies op die sirkel om ’n skaapmasker te maak. Die skaapmaskers word gebêre om later vandag te gebruik.



## Begeleide klasaktiwiteit

| Peuter | Kleuter | Op pad na Graad R |
|---|---|---|
| Die peuters staan twee-twee teenoor mekaar en rol papierballe vir mekaar. *Maak dit daarna effens moeiliker*: Een maatjie staan wydsbeen en die ander een rol die bal tussen sy bene deur. Hulle skop die bal stukkie vir stukkie tot by ’n teiken en bring dit vir die maat terug. Daarna kry elkeen ’n eenvoudige raket. Hulle slaan papierballe daarmee vir mekaar. | Soos in kolom 1, maar voordat u die kleuters die papierballe met die rakette laat slaan, laat u hulle ook die balle om ’n leë tweeliterkoeldrankbottel rol. Hulle skop daarna die balle na die bottel en kyk of hulle dit met die bal kan omskop. Sluit af met die rakette en papierballe. | Soos in kolomme 1 en 2, maar wanneer die kinders met die koeldrankbottels werk, kan u hulle ook met die bottels in die hand laat hardloop. Hulle probeer om die bottels in die hardloop in ’n boks te gooi. |

**Wenk:** Het u nie rakette nie? U kan dit maklik self maak deur ’n draadhanger in ’n stuk besemstok te druk en met ’n broekiekous oor te trek.

Verversings en vryspel

## Begeleide klasaktiwiteit (Pre-Wiskunde)

| Peuter | Kleuter | Op pad na Graad R |
|---|---|---|
| Elke peuter kry drie vere. Hulle pak twee langs mekaar en sit die vingertjie op elke veer en tel dan “1, 2, 3”. Doen ook eenvoudige berekenings. *Voorbeeld*: Sit twee vere uit. Tel “1, 2”. Hulle sit “nog een by”. Tel hoeveel vere daar nou is. Hulle “vat nou een weg” en sit dit agter die rug neer. Hoeveel vere bly oor? Tel hardop: “1, 2 vere bly oor”. Gebruik ook die vere om ruimtelike begrippe te oefen. *Voorbeelde*: Hulle sit een op die kop, langs hulle en dan voor hulle. Hulle pak twee opmekaar. Hulle sit hulle voet tussen twee vere neer. Hulle kry meer vere met verskillende kleure en sorteer dit op hopies. *Voorbeeld*: Wit vere, swart vere en ander vere. | Soos in kolom 1, maar gebruik vier vere en nie net drie vere nie. | Hierdie groep gebruik vyf vere. Hier kan u ook opdragte met meer as een veer gee. *Voorbeelde*:<br>• Sit een veer voor jou neer en een veer agter jou.<br>• Sit twee vere op jou kop en een veer op jou been.<br>• Sit een veer naby jou. Sit nou een veer verder. Sit nog een veer die verste van al die vere, ensovoorts. |

New All-In-One Manual for Pre-school Activities 9781776070428

© NB-Uitgewers/Mart Meij 2020

## ’n Storie

*Voorstel vir ’n moontlike storie*:

Die kinders sit hul skaapmaskers op (verwys na addisionele aktiwiteit 2). U vertel die storie en die kinders speel die storie. U is die mamma-skaap. Dit sal goed werk om die storie eers te vertel. Daarna vertel u die storie weer, en die kinders speel die storie.



**Lammie Skaap se Mamma kruip weg**

Lammie Skaap loop saam met Mamma Skaap in die veld. Hulle soek kos. Hulle kry lekker sagte gras en vreet en vreet. Lammie Skaap loop naby Mamma Skaap. Lammie Skaap loop verder en verder van sy mamma af weg soos hy sagte grassies soek. Hy vergeet skoon Mamma Skaap het gesê hy moet by haar bly sodat hy nie kan wegraak nie, want die plaas is baie groot. Hy sien lekker sagte grassies agter ’n bos en eet en eet.

Toe sy magie vol is, is hy lus vir sy mamma se lekker wit melk, maar waar is Mamma? Hy kan haar glad nie sien nie. Hy kyk en kyk, maar Mamma is weg! Hy soek hier, hy soek daar. Hy wil net begin huil, toe hy sy mamma se stem hoor soos sy hom roep, want elke lammertjie ken sy mamma se stem tussen al die ander ooie s’n uit. Hy hardloop na waar hy haar hoor en daar staan sy en wag vir hom terwyl al die ander ooie en lammertjies al terugloop na die kraal toe. Mamma was al die tyd agter die bos en hy kon haar nie sien nie! “Môre moet jy langs my bly, want jy sien nou hoe groot die plaas is en klein lammertjies kan maklik wegraak,” sê Mamma Skaap.

# Dag 4

Aankoms en vryspel
Register, weerkaart, verjaardae en nuus

## Begeleide klasaktiwiteit: Aanvangskennis – Waar bly plaasdiere?


| Peuter | Kleuter | Op pad na Graad R |
|---|---|---|
| Wys weer met u hande teen mekaar en toe oë dat u slaap en dan vra u waar slaap die peuters. Hulle antwoord en sal waarskynlik sê in hulle bed. “Waar slaap koeie en kalfies?” Haal die prent van die kraal af sodat die peuters kan sien, en sê: “Kraal. Koeie slaap in ’n kraal.” Die peuters pak stoeltjies in ’n sirkel en loop soos koeie daarin en gaan staan om te slaap, want koeie kan staan of lê as hulle slaap. Wys dat hulle nie op hulle sye lê nie, maar op die maag. Waar slaap hoenders? Wys hoe die hoenders op ’n stok of in die nes sit en slaap. Die peuters klim op hulle stoele en speel hulle is hoenders wat sit en slaap. | Soos in kolom 1, maar voeg by: Perde bly in ’n perdestal. Elke perd is in sy eie kamer (stal) en sy kamer het twee deure – een bo en een onder. Hy kan oor die onderste deur na buite kyk. Hoenders bly in hoenderhokke. Hulle slaap op stokke of in die nes waar die henne eiers lê. Die haan is baie vroeg wakker en hy kraai as dit nog donker is om te sê die son gaan nou-nou opkom. Almal sit op stokke soos hoenders (trek sommer ’n streep op die mat met bordkryt om ’n stok voor te stel) en kraai soos hane, klap die vlerke.  | Soos in kolomme 1 en 2, maar voeg by: Skape slaap in ’n skaapkraal en loop ook soos beeste bedags uit om kos te eet – ons noem dit wei. Almal herhaal die woord. Varke bly in varkhokke. Hulle rol graag in modder om koel te bly en bly altyd in hulle hokke – hulle eet daar en slaap daar. Varke eet nie gras soos perde, skape en beeste nie. Hulle eet mielies en al die skille van die groente wat die mense weggooi. |

## Kringaktiwiteite

### Hoofaktiwiteit: Konstruksie (verwys na aktiwiteit 26 op bl. 47 in die *Nuwe Alles-In-Een Voorskoolse aktiwiteitsboek*)

**Vooraf:**

1. Kry vir elke kind vier toiletrolle gereed.
2. Knip die voor- en agterkante van die diere vooraf uit.
3. Knip staanders (bene) vir die diere uit stewige karton (patroon vir staanders en bene is op bl. 47).

| | | |
|---|---|---|
| By hierdie projek sal u stap vir stap sterk leiding moet gee. Met die peuters werk u eers net met twee diere en as hulle voltooi is, deel u die ander twee diere uit, anders gaan hulle deurmekaar raak. Gee vir die peuter twee diere se kopkante (wat u vooraf uitgeknip het). Laat hulle die koppe van die twee diere identifiseer. Gee nou die twee diere se agterkante. Watter agterkant pas by watter dier? Laat die peuters, byvoorbeeld, kyk na die kleur en die vorm van die stert. Help hulle om die voor- en agterkant van die eerste dier met koue lym op ’n toiletrol vas te plak. Doen dieselfde met die volgende twee diere. Deel die pote of staanders wat u self vooraf uit karton gesny of van roomysstokkies gemaak het, uit. Smeer dit gom en die peuters plak die diere se lywe op die pote vas. Nou het hulle hul eie stel plaasdiere waarmee hulle kan speel. | U sal ook stap vir stap baie sterk leiding vir hierdie groep moet gee, maar vir hierdie groep kan u al vier kopkante gelyk gee en hulle die diere te laat benoem. Pas daarna die kop- en agterkante van die diere bymekaar. Laat die kleuters kyk na die kleur en vorm van die stert om hulle te help. Help hulle om die voor- en agterkant van die vier diere met koue lym op vier toiletrolle vas te plak. Deel die pote of staanders wat u self vooraf uit karton gesny of van roomysstokkies gemaak het, uit. Wys die kleuters waar om die gom te smeer en hulle plak die plaasdiere se lywe op die pote vas. Nou het hulle hul stel eie plaasdiere waarmee hulle kan speel.  | U sal selfs met hierdie groep sterk leiding moet gee. Volg die prosedure soos beskryf in kolom 2. Vir hierdie groep plaas u ook watte uit om op die skaap se lyf te plak, wolrepies om as die perd se maanhare te dien, ’n stukkie pypskoonmaker wat hulle kan gebruik as ’n stert vir die vark, en ’n uier wat u vooraf uitgesny het wat hulle onderaan die koei kan plak. Nou het ook hierdie groep hulle eie stel plaasdiere waarmee hulle kan speel.  |

New All-In-One Manual for Pre-school Activities 9781776070428

© NB-Uitgewers/Mart Meij 2020

| | | |
|---|---|---|
| **Addisionele aktiwiteit 1: Knipwerk** | | |
| Gee vir elke peuter 'n prent van 'n perdestal en 'n skêr. Hulle knip die stal uit en plak dit op die papier wat hulle gister by addisionele aktiwiteit 2 met droë poeierverf en water geverf het. | Soos in kolom 1, maar hierdie groep knip die staldeur aan drie sye uit en vou dit so dat dit kan oopgaan. Hulle knip 'n perd se kop uit en plak dit daarin. | Soos in kolom 2. Hier is vir u 'n idee hoe u die stal en perd maklik kan teken. Hou net in gedagte dat u die perd so moet teken dat dit wel in die stal kan pas!   |
| **Addisionele aktiwiteit 2: Sortering** | | |
| Maak 'n plat bak vol saagsels en draai 'n paar pypskoonmakers om 'n potlood sodat dit soos varksterte lyk. Gooi dit in die bak met saagsels. Sit ook gom uit. Elke peuter kry 'n groot pinset (*tweezer*) asook 'n paar varkie-agterkante (boude met die twee agterbene soos dit reg van agter sal lyk) waarop hulle die stertjie wat hulle met die tangetjie uit die bak gehaal het, plak. | Soos in kolom 1, maar hierdie groep kry gekleurde stertjies en boude en hulle soek dieselfde kleur boude uit as die stert. | Soos in kolom 2. |
| **Begeleide klasaktiwiteit** | | |
| Gebruik slaansakke (aartappel- of lemoensakkies wat u met afvalpapier/-plastiek opgestop het en aan die bome/klimraam opgehang het). Die peuters slaan die slaansakke met die vuiste heen en weer.<br>**Wenk:** U kan ook balle aan toue vasmaak en dit met die hand heen en weer laat slaan.<br>Laat sak die slaansakke en dan skop die peuters dit heen en weer. Daarna hang die peuters aan die dwarsbalk van die klimraam en laat los. Herhaal dit 'n paar keer. Sluit af deur die peuters soos beeste met groot treë tot by 'n teiken te laat stap en dan met klein treetjies soos perde tot by u te laat trippel. | Soos in kolom 1, maar voordat u die afsluitingsaktiwiteit doen, plaas u 'n paar hoepels styf teen mekaar uit oor die terrein. Die groep spring vasvoet van hoepel tot hoepel. Hulle dribbel ook 'n bal om die hoepels. Sluit af met die trippel- en stapaktiwiteit. Hierdie groep kan dalk ook soos eende of ganse waggel. | Soos in kolomme 1 en 2, maar nadat die kinders vasvoet van hoepel na hoepel gespring het, skuif u die hoepels 'n klein bietjie verder uitmekaar. Hulle spring nou op enige manier van hulle keuse van hoepel tot hoepel. Hulle spring ook om die hoepels met sulke groot treë as moontlik. Sluit af met die trippel-, loop- en waggelaktiwiteit. Hierdie groep kan ook soos klein kalfies en/of lammertjies agteropskop terwyl hulle met die hande op die grond druk. |
| Verversings en vryspel | | |
| **Begeleide klasaktiwiteit** | | |
| Sing die liedjie "Ou oom Klasie het 'n plaas" ("Old MacDonald Had a Farm"). Gebruik by hierdie groep net die koei en die eend. Laat die peuters die diere naboots terwyl hulle sing. (Koeie: *moe-moe*; eende – *kwak-kwak*.) U kan ook die klas in twee deel sodat die koeie en die eende hulle eie deel van die lied sing (as u die handleiding tuis gebruik, maak u die geluide na). | Soos in kolom 1, maar hierdie groep kan ook van skape (mê-mê), varke (*oink-oink*) en eende (*kwak-kwak*) sing. Deel ook die klas in groepe wat moet wag vir hulle beurt om te sing (as u die handleiding tuis gebruik, maak u die ander geluide na). | Soos in kolomme 1 en 2. Daarna kan u slaginstrumente inbring en die klank van die diere daarmee vervang. Laat die kinders ook in die rondte loop en gaan staan as die dieregeluide gesing word. |
| **Wenk:** Beurtsang is 'n goeie manier om konsentrasie te oefen omdat die kinders moet aandag gee en wag om hulle eie deel te sing. | | |

## Storie

*'n Voorstel vir 'n moontlike storie*:



Pascal, die perd, het lekker op die plaas rondgalop toe hy in 'n gat trap en sy been baie seermaak. Hy kan glad nie opstaan nie. Hy lê net daar en kreun: "Eina ... eina ... eina ...".

Niemand hoor hom nie, want dis so seer dat hy net saggies kreun. Mamma Koei en haar kalfie het lekker gewei aan die sagte grassies by die draad toe klein Kalfie gaan stilstaan. Hy sê: "Mamma, ek hoor iemand 'eina-eina' sê." Mamma luister, sy draai haar kop heen en weer soos sy probeer luister. Sy en Kalfie loop al langs die draad agter die geluid aan en daar sien hulle vir Pascal die perd lê. Sy een been is baie opgeswel. Hy kerm en kerm van die pyn. Mamma koei sê: "Pascal, ons sal 'n plan maak, ons kan jou nie optel nie, maar ons sal iemand kry om te help."

Sy begin hard en aanhoudend bulk en klein Kalfie bulk lank en aanhoudend saam. Die skape hoor dit waar hulle wei en hulle blêr almal hard saam. In die stal hoor die ander perde dit en hulle begin saam te runnik. (Hou op die trant aan tot u al die plaasdiere wat u met die kinders bespreek het, genoem het.) Die boer was baie trots op sy plaasdiere wat so mooi kan saamwerk om een van hulle maats te help.

Hy laai vir Pascal op die sleepwa en vat hom veearts toe, want die dieredokter weet presies wat om te doen met 'n perd wat so seergekry het. Na 'n paar dae galop Pascal weer oral op die plaas van hok tot hok en kraal tot kraal rond om al die diere te bedank vir hulle hulp.

New All-In-One Manual for Pre-school Activities 9781776070428

© NB-Uitgewers/Mart Meij 2020

# Dag 5

Aankoms en vryspel
Register, weerkaart, verjaardae en nuus

## Begeleide klasaktiwiteit: Aanvangskennis – Babas van plaasdiere

| Peuter | Kleuter | Op pad na Graad R |
|---|---|---|
| Wys weer die prent van die koei en die peuters sê wat die dier se naam is. As 'n koei 'n baba het, noem ons dit 'n "kalfie" – die peuters herhaal die woord. Pak verskeie babadiere uit op die mat met 'n koei en kalfie tussen hulle. Haal nou die koei uit en die peuters benoem dit. Wys na die kalfie en benoem dit. Hulle noem ook wat ons van koeie kry, naamlik melk. Doen dieselfde met die hen, haan en kuiken. | Soos in kolom 1, maar voeg die skaap, ram, ooi en lam, vark, beer, sog en varkie, en eend, eendmannetjie, eendwyfie en eendjie by. Pak nou die prente van die babadiere en hulle ouers uit en die kleuters rangskik die babas by hulle ouers en benoem dit. | Soos in kolomme 1 en 2, maar voeg die bok, bokram, bokooi en boklam, en perd, hings, merrie en vulletjie, en gans, gansmannetjie, ganswyfie en gansie by. |

## Kringaktiwiteit: Bak en brou – Maak 'n Mariebeskuitjie-varkie (geskik vir alle groepe)

Die kinders gaan varkies maak van kleuterdeeg en Mariebeskuitjies (ronde beskuitjies).



Bestanddele:
Sit pienk versiersuiker uit. Elke kind kry ook 'n stukkie kleuterdeeg, 'n Mariebeskuitjie of enige ander ronde koekie, vier sjokoladebrokkies (*chocolate chips*) vir ogies en neusgate asook twee driehoekies afgesny van waferbeskuitjies.

Metode:
1. Die kind rol 'n bolletjie met die kleuterdeeg en druk dit plat om 'n sirkel wat groter as die Mariebeskuitjie is te vorm.
2. Smeer die koekie met pienk versiersuiker toe. Plak die koekie in die middel van die sirkel kleuterdeeg.
3. Plak twee sjokoladebrokkies langs mekaar op die Mariebeskuitjie vir die neusgate.
4. Bokant die snoet plak die kinders twee ogies van die ander sjokoladebrokkies.
5. Die driehoekies van wafers is die ore van die varkie.

**Wenk:** Groep 2 en 3 kan hulle eie kleuterdeeg aanmaak.


## Storie: Poppekas

*'n Moontlike storie vir die poppekas:*

### Henna Hen is weg

*Skaap verskyn.*

**Skaap:** Hallo, maatjies! Iets vreesliks het op Boer se plaas gebeur!
**Koei:** Wat hoor ek, iets vreesliks? Is iemand raakgery of is Boer se kos vir ons diere gedaan?
**Skaap:** Nee, dis nie dit nie, dis érger.
**Koei:** Moenie vir my sê een van die diere het weer seergekry soos ou Pascal, die perd nie?
**Skaap:** Nee, dis Henna hen, sy is net weg. Hendrik Haan het al oral gesoek en hy wil nie meer kraai nie, want sy vrou is weg.
**Koei:** O my wêreld! Dan weet niemand wanneer om op te staan nie! Maar waar kan sy wees?
**Skaap:** Boer en sy vrou het oral gesoek en Haan weet nie meer waar om te kyk nie.
**Koei:** Maatjies, weet julle waar ons nog kan soek? (*Die kinders antwoord , volg hulle voorstelle op.*)
**Skaap:** Maar wat maak nou so? Hoor daar: kok-kok-kok-kok ... Waarna klink dit vir julle, maatjies? (*Laat die kinders voorstelle maak.*)
**Skaap:** Ek dink julle is reg, dit klink mos vir my na 'n mamma-hen met kuikentjies ...
**Koei:** Ja! Kyk wie kom hier aangestap. (*U kan die hen met kuikens voorstel met die papierbordhen wat deur die week gemaak is, met bolletjies watte op tou vasgeplak sodat dit agter haar aantrek as sy beweeg.*)
**Hen:** Ek hoor julle soek na my maar ek het 'n baie belangrike werk waarmee ek besig is — my kuikens!
**Skaap:** Ons moet dadelik vir Hendrik Haan gaan vertel. Hy sal so bly wees! Maatjies, roep asseblief vir Hendrik en vertel vir hom. Julle kan sommer roep en hy sal hoor. Ek sal vir die res van die plaasdiere gaan vertel wat gebeur het ... Tatta, maatjies!



New All-In-One Manual for Pre-school Activities 9781776070428

© NB-Uitgewers/Mart Meij 2020

Uittreksels in hierdie loerboekie is geneem uit:







Nog ’n aktiwiteitsboek in die reeks:




Contact **Elana Bredell** Regional Sales Manager: Schools (Coastal regions, Free State, Northern Cape) elana.bredell@nb.co.za or **Henk Viljoen** Regional Sales Manager: Schools (Gauteng, Mpumalanga, North West, Eastern Cape, Limpopo) henk.viljoen@nb.co.za to reach your nearest bookseller or freelance agent.

---

Vir inligting oor u naaste boekhandelaar of vryskutagent kontak **Elana Bredell** Streeksverkoopsbestuurder: Skole (Kusstreke, Vrystaat, Noord-Kaap) elana.bredell@nb.co.za of **Henk Viljoen** Streeksverkoopbestuurder: Skole (Gauteng, Mpumalanga, Noord-wes, Oos-Kaap, Limpopo) henk.viljoen@nb.co.za.

BEST BOOKS

Nuwe ALLES-IN-EEN